
DIE APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS [6]

No. E270

1.4

EK GLO IN GOD DIE ALMAGTIGE, DIE SKEPPER VAN HEMEL EN AARDE

As ons oor God se almag praat, is dit die maklikste om dit in die skepping te sien. Keer op keer verwys die Bybelskrywers hierna as 'n bewys en maatstaf van Sy krag. Neem byvoorbeeld Jes 40:26: "Kyk op na die hemel: wie het die sterre geskep? Hy wat die hemelse leer laat uittrek in hulle volle getal, dit is Hy wat hulle elkeen gemaak het. Met sy groot krag, sy groot mag, sorg Hy dat geeneen van hulle ontbreek nie."

In die begin het God geskep

- Die Bybel begin met die woorde: "In die begin het God die hemel en die aarde geskep." Dis so bekend dat mens geneig is om bo-oor dit te lees en die ontsaglike implikasies daarvan te mis. Maar hierdie paar woorde staan lynreg teenoor al die ongeloof in hierdie wêreld, asook teen al die godsdienste.

Teenoor ongeloof word geproklameer: *God is die oorsprong van alles. Wat ons om ons sien, is nie die gevolg van toeval nie!*

En vir die godsdienste word gesê dat die God van die Bybel *die enigste ware God* is.

- As ek bogenoemde glo, het dit 'n diepgaande en bepalende impak op hoe ek oor myself en die wêreld om my dink, en op hoe ek dus leef. Enersyds het dit 'n verheffende invloed op my: ek is nie bloot die resultaat van toeval nie, maar is gewil deur Een wat

duiselingwekkend geniaal en magtig is - ek is deel van die kroon van die skepping. Andersyds maak dit my nederig: Ek is nie een van die "fittest" wat "gesurvive" het nie; ek is 'n nietige en afhanklike skepsel - minder as 'n stoffie in God se hand.

- Sonder bogenoemde Bybelse perspektief verloor ons alle sin en koers in die lewe, en kan 'n mens, soos Salomo aanvanklik, tot net een slotsom kom: alles, alles is tevergeefs. Dan verdwyn alle morele ankerpenne. Dan word waarheid relatief. En dan is ons sonder God en sonder hoop in hierdie wêreld.

Dit omdat God die almagtige die Skepper is, dat ons is wat ons is - skaars minder as hemelse wesens, gekroon met aansien en eer, heersers oor die skepping. Was Hy nie die *almagtige* Skepper nie, maar steeds baie magtig, was ek dalk 'n virus. En was Hy nie *Skepper* nie, dan was ek niks nie.

- Dikwels is dit al gesê: die diepste en heel eerste filosofiese vraag is, "*Waarom is daar iets, en nie niks nie?*" En die antwoord is, omdat daar 'n lewende God is, en omdat Hy almagtig is, en omdat Hy Sy almag gebruik het om te skep. Sonder die bestaan van God kan mens eenvoudig nie die wêreld, die natuur, die kosmos om jou verklaar nie. Want niks kan uit niks ontstaan nie (*ex nihilo nihil fit*). Weier jy om in God die almagtige Skepper te glo, moet jy jou wend tot allerlei absurde teorieë en fabels oor die ontstaan van alles - maar dis teorieë wat geen denkende en eerlike mens ernstig kan opneem nie. Soos so dikwels al uitgewys is, verg dit baie meer geloof om in ewolusionisme (te onderskei van ewolusie) te glo, as in skepping.

Bara: om te skep

- Die basiese Bybelse idee van skepping lê in die Hebreeuse woord, *bara* (om te skep). Dis 'n woord met geweldige teologiese implikasies.

- Van skepping kan mens net *in die geloof* praat. Niemand van ons was daar nie, en mens kan dit net

in besonderhede aanvaar as jy God se openbaring daarvoor glo. Dis wat Hb 11:3 sê: "Omdat ons glo, weet ons dat die wêreld deur die woord van God geskep is: die sigbare dinge het dus nie ontstaan uit iets wat ons sien nie."

- Hierdie begrip het orals waar dit in die Bybel voorkom *slegs God as subjek*. Net Hy kan skep; nooit die mens nie.

- Al drie Persone* van die Goddelike Drie-eenheid was betrokke by die skepping. *Die Vader* word byvoorbeeld in Gn 1:1; Ps 33:6; Jes 44:24; 45:12 genoem; *die Seun* in Jn 1:3, 10; Kol. 1:16; en *die Heilige Gees* in Gn 1:2. Dis nie dat hulle beurtelings vir verskillende dele van die skepping verantwoordelik was nie. Nee, deurgaans het al drie Persone saam gewerk.

- Oor die Drie-enige God se skeppingswerk moet 'n paar dinge gesê word:

- Primêr het Hy vanuit niks dit wat is tot stand gebring. Daar was dus nie voorafbestaande materie nie. Die bekende Latynse frase word hiervoor gebruik: *creatio ex nihilo*. Dit het minstens 3 belangrike implikasies: Eerstens, materie of energie is nie ewig nie; dit het 'n begin gehad. Tweedens, in die ganse heelal kan daar geen krag wees wat nie vanuit God ontstaan het nie, en wat nie onder Sy mag of gesag is nie. Derdens, daar is 'n wesensonderskeid tussen God en alles in Sy skepping. Panteïsme is onbybels en heidens.

- Benewens skepping vanuit niks, skep God ook *middellik*. So het Hy byvoorbeeld die mens en die diere uit die stof van die aarde geskep, en die vrou uit die man (Gn 2:7; 19; 21-22).

- God skep *nie voortdurend nie*. Selfs in Gn 1 word die woord, *bara*, min gebruik (1, 21, 27). Op 'n punt het Hy begin rus (Gn 2:2). Van net sekere van God se handeling kan dus gesê word dat dit

skepping vanuit niks is. Sekerlik werk Hy voortdurend (Jh 5:17), maar dis nie noodwendig skepping nie; dis voortstuwing en instandhouding.

- God skep *deur te spreek*. In Gn 1 staan dit nege keer: "Toe het God gesê ...". Só almagtig is God dat Hy nie eers 'n vinger hoef te lig nie om dinge voort te bring wat vir ons ontsagwekkend groot en heerlik is. Hy sê bloot dat dit moet gebeur, dan is dit so. Latere Bybelskrywers is hierdeur aangegryp. Psalm 33:6: "Deur die woord van die Here is die hemele gemaak, deur sy bevel al die hemelliggame." Hebreërs 11:3: Die wêreld is "deur die woord van God geskep ...". 2Petrus 3:5: Lank gelede het die hemel en die aarde deur die woord van God ontstaan".

Die omvang van die skepping

Niks bring mens meer onder die indruk van God se almag as die grootheid van die heelal nie.

- Op 'n helder aand sien mens orals tussen die sterre sulke klein, wolkerige kolletjies, oftewel newels. Tot die twintigerjare van die vorige eeu het wetenskaplikes nog nie presies geweet wat en hoe ver dit is nie.

In 1923 is die grootste teleskoop tot op daardie datum op Mount Wilson in Amerika in gebruik geneem. Die wêreldberoemde sterrekundige, Edwin Hubble, het daar gewerk. Met die nuwe teleskoop het hy ontdek dat hierdie newels in werklikheid duiselingwekkende groot sterre galaksies of konstellasies was - elkeen met miljoene sterre soos ons son.

Skielik is besef dat ons eie Melkweg nie die middelpunt van die heelal is nie; trouens, dat dit net een van duisende miljoene galaksies is - en dat dit alles behalwe een van die grootstes is.

- Die hubble-teleskoop wat in die ruimte ingestuur is, het oor die afgelope paar jaar talle verbysterende foto's teruggesien aarde toe. Een van die mees aangegrypende daarvan verskyn op die voorblad

van Gideon Joubert se boek, *Die Groot Gedagte*. Dis 'n foto van M16 (die Arend-newel) in die konstellasie van Serpens (die Slang) - 7 000 ligjaar hiervandaan (70 000 miljoen kilometer).

Die foto vertoon drie massiewe pilare gas (glo digte molekulêre waterstof) wat soos geweldige donderwolke lyk. In elkeen van hulle is ontelbaar baie sterre aan 't vorm. Bo-op elke wolk steek klein "vingertjies" uit - so klein dat mens dit beswaarlik op die foto's kan sien. Maar elkeen van hierdie vingertjies is groter as ons sonnestelsel!

- Hoe groot is ons sonnestelsel? Dit bestaan uit 9 planete (as ons Pluto steeds as planeet aanvaar) wat met hulle stuk of 30 mane om die son roteer. Die aarde is een van die klein planeetjies. Jupiter is die grootste. Mens sou 1 300 aardbolletjies daarin kon pak.

Hoe groot is alles? Naaste aan die son is Mercurius - so ongeveer 60 miljoen km daarvandaan. Die aarde is 150 miljoen km vanaf die son. En die verste planeet, Pluto, dwaal amper 6 000 miljoen km vanaf ons vuurbal rond.

- Maar dit alles is amper weglaatbaar gering in vergelyking met die drie sterrewolke waarvan hierbo melding gemaak is. *Die Beeld* van 15 November 1995 sê dat die grootste hiervan ongeveer een ligjaar hoog is. Gestel jy sou van hierdie wolk afval en tuimel teen dieselfde snelheid as wanneer mens hier op aarde uit 'n vliegtuig val, sal dit meer as 5 miljoen jaar duur voor jou liggaam onder aankom. Of as 'n passasierstraler teen togsnelheid van bo na onder sou duik, sal dit hom meer as 'n miljoen jaar neem. En dis net die wolk. Hiervandaan soontoe is 7000 maal verder! En anderkant M16? Nog en nog en nog wolke - miljoene der miljoene!

□ En om alles te kroon, word dit algemeen in sterrekundige kringe aanvaar dat die heelal besig is om teen 'n ontsagwekkende tempo groter te word. Dit dy uit soos 'n ballon wat opgeblaas word. Dis moontlik om die spoed te meet waarmee

sterrestelsels van ons af wegbeweeg - en in sommige gevalle is dit tot 80 000 km/sekonde.

Berekenings toon dat hierdie uitdying van die heelal elke 5 sekondes 'n ruimte gelykstaande aan ons Melkweg tot die skepping se volume toevoeg.

Hoe groot is net ons Melkweg? Daar is minstens 100 000 miljoen sterre soos ons son - dalk baie meer. En die gemiddelde afstand tussen hierdie sterre is ongeveer 30 ligjare (300 miljoen kilometer).

Hierdie Melkweg is 100 000 ligjaar in deursnit, en so 'n 20 000 ligjaar "hoog". Wat begryp ons hiervan?

En hoeveel melkweë is daar? *Dit weet net God!*

Slot

Wat moet ons hiervan sê? Wat kán ons sê? Mens se hand is voor jou mond! Laat ons elke dag ons almagtige Skeppergod aanbid! Hy is oneindig, oneidig groter as wat ons kan begin om te verstaan!

Wie is ék dat hierdie God Hom oor my sou ontfarm? As ek dalk sondeloos was en Hom elke oomblik van elke dag met 'n onverdeelde hart en met alles waartoe ek in staat is sou gedien het, sou mens dalk nog iets daarvan kon verstaan - maar hiervan is ek die teendeel. Maar vir my, ja, vir my, belowe Hy 'n ewige heerlijkheid waarvan ek bloedweinig kan begryp; nee, eintlik niks nie!

O, Here Jesus, dis omdat U my kom loskoop het. Dis omdat U, o Vader, my al voor die grondlegging van die aarde liefgehad het. Dis omdat U, in U onbevragebare soewereiniteit besluit het om aan my 'n ewige heerlijkheid te skenk, heerliker as selfs dié van die aartsengele.

Nico van der Walt

- Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in meer as 'n halfdosyn lande in Afrika suid van die ewenaar.
- Subskripsies, adresveranderings, kansellasies en korrespondensie: Postnet Suite No.148, Privaatsak X1, Northcliff, 2115, Suid-Afrika. E: nico.vanderwalt@reformed.org.za; Tel. 011 476 2907; 082 848 9396.
- Blogs: www.e-preke.blogspot.com (met skakels na nóg 4 blogs)
- Weekliks word 'n preek soos hierdie wêreldwyd en gratis in Afrikaans of Engels ge-epos aan mense wat dit persoonlik aangevra het.